

## **NUWE WYKSINDELING**

Opwindende nuwe wyksindeling volgens ouderdom en omgewing. Agter in die kerk is die nuwe lyste, kom merk asb jou naam af. Jy is ook welkom om in jou huidige wyk te bly of te skuif. Word die bedieningleier in jou wyk!

### **WYKE IS SOOS VOLG:**

- 18 – 25
- 26 – 35
- 36 – 55
- 56 – 64
- 65 –
- Huidige wyke

Die voordeel om wyke in ouderdomme te verdeel is dat ons op die behoeftes van verskillende ouderdomsgroepe kan fokus.

Omdat gemeente 'n eenheid is, sal daar geleenthede geskep word vir bou van verhoudings tussen verskillende generasies.

## **PROSES**

- Op Sondag 24 Mei, sal dit aan die Gemeente voorgelê word en lyste sal opgesit word.
- Junie verdeling van lidmate, sodat lidmate kan sien in watter groep hulle is (Lidmate kan skuif of in huidige groepe bly)
- Stel jou self as bedieningleier beskikbaar.
- 29 Junie sal bedieningleiers geïdentifiseer word waar groepe nog nie leiers het nie.
- 19 – 26 Julie Gesprek sal met alle voornemende leiers gevoer word, daar sal bedieningtoerusting aangebied word en bevestiging van van bedieningleiers.

**WAT WORD VAN 'N**  
**BEDIENINGLEIER**  
**VERWAG**

- Om kontak met elke lidmaat in groep waarvoor hy/sy leier is, te maak.
- Om op hoogte te wees met hoe dit met elke lidmaat in sy/haar groep gaan.
- Om kontak met bedieningsgroepe, predikante en Kerkkantoor te maak waar nood is.
- Om toe te sien dat lidmate in nood geondersteun word.
- Om toe te sien dat lidmate op verjaarsdae of groot gebeurtenisse geskakel word.
- Om 'n predikant te reël om waar nodig, lidmate te besoek.

- Om toe te sien dat die kantoor op hoogte gehou word met inligting van lidmate in die groep.
- Om 'n omgeebyeenkoms te reël.
- Om lidmate te help om hulle geestelike gawes te ontdek en hulle te ondersteun om hulle gawes uit te leef.
- Om toe te sien dat lidmate in die groep geestelik geondersteun word.
- Om toerusting by te woon of deur te gaan soos dit beskikbaar word.